**6 Maart 2026**

**Beste Volkie Ouers**

## WEBBLAD EN VRAESTELLE

Ons webblad is nou aktief en funksioneer uitstekend. Vraestelle is ook op die webblad gelaai en is beskikbaar onder die afdeling **"Akademie"**. Kontak ons asseblief indien u enige uitdagings ervaar om toegang tot die vraestelle te verkry.

Die doel van ons webblad is om 'n **eenstop-inligtingsentrum** vir al ons ouers te skep waar belangrike skoolinligting maklik verkry kan word.

## WAARDEGEDREWE KINDERS – WIE SE VERANTWOORDELIKHEID IS DIT?

Ons het werklik pragtige kinders in ons skool. In my 42 jaar in die onderwys kan ek getuig dat Laer Volkskool van die mees talentvolle en waardegedrewe leerders het. Tog begin sommige leerders **ernstige uitdagings** ervaar as gevolg van die omgewings waarin hulle funksioneer.

Ons moet onthou dat leerders dikwels optree volgens wat hulle in hul gemeenskappe sien. Indien reëls en respek nie in die gemeenskap nagekom word nie, raak dit vir leerders moeiliker om dit self te respekteer.

Ons ervaar tans by 'n **klein groepie leerders** die volgende uitdagings:

- 'n **Gebrek aan respek** vir ons skool se waardes.
- Toenemende disrespek teenoor onderwysers, veral teenoor ons **damespersoneel**.

- **Woorde wat ander seermaak**. Wanneer leerders hieroor aangespreek word, dui hulle dikwels aan dat dit die manier is hoe hulle volwassenes in hul omgewing hoor praat.
- **Onvanpaste en vulgêre seksuele gesprekke** tussen leerders, wat volgens hulle afkomstig is van ouer broers of susters of blootstelling op sosiale media soos YouTube.
- **Oordrewe kompetisie tussen leerders**, tot op die punt waar goeie sportmanskap verlore gaan en leerders selfs bereid is om ander seer te maak om ’n geleentheid of plek te kry.
- ’n **Gebrek aan positiewe toekomsdrome en rolmodelle**. Wanneer leerders oor hul drome praat, is die reaksie soms negatief, wat daarop dui dat sommige kinders blootgestel word aan ’n baie negatiewe wêreldbeskouing.
- Leerders wat **huiwer om op te staan vir wat reg is**. Dit lyk dikwels asof hulle in omgewings grootword waar skuld maklik verskuif word na ouers, die skool of selfs die regering.

Ons kinders is vir ons kosbaar. Hulle is ’n geskenk van God en lê elkeen na aan ons hart. Kom ons staan saam om vir ons leerders ’n positiewe wêreld te skep waar **respek, integriteit en geloof** ’n belangrike rol speel.

Indien u ’n boodskap oor gedrag ontvang, vra ons dat dit saam met u kind op ’n ondersteunende en regstellende manier hanteer word. Op hierdie manier help ons leerders om verantwoordelikheid vir hul gedrag te neem en te besef dat **ouers en onderwysers saamwerk om die beste vir hulle te gee**.

Kom ons neem saam beheer van ons leerders se **toekomsvisie, drome en geloof**. Ons het die vermoë om ’n verskil te maak in hul lewens.

## KOMMUNIKASIE

Sodra **80% van ons ouers op die Rulewise-toep** geregistreer is, sal alle WhatsApp-kommunikasie vanaf die skool gestaak word. WhatsApp is nie 'n erkende of voldoende veilige kommunikasieplatform vir amptelike skoolkommunikasie nie.

Alle toekomstige kommunikasie sal daarom via die **Rulewise-toep** plaasvind. Indien u enige uitdagings ervaar met die gebruik van die toep, kan u gerus mnr. Stiaan van der Hyde kontak vir hulp. (076 411 4985)

Volkiegroete

MNR. P. STRYDOM

HOOF

## PROGRAM VAN DIE WEEK

| Datum | Aktiwiteit | Waar |
|---|---|---|
| 7 Maart | Rugby- en Netbaldag | L/s Hannes Visagie |
| 10 | Toets: EBW - Gr 7 | Toetsperiode |
| | Redenaars | L/s Delmas |
| 11 | Rugby en Netbal fondsinsamelingsaand | Nigel - Picanha restaurant |
| 12 | Orators – Gr. 1 – 7 | |
| 13-15 | Rugbytoer: 0/11 | Camp Discovery |
| 13-14 | Netbal toernooi: 0/9 – 0/13 | |
| 14 | Skaak Ope toernooi | Laer Volkskool |